Publication: Sake (Rapport)
Date: Sunday, February 03, 2019
Page: 5

# Pasop vir 'slim' KWB-planne by dood



Nico van Gijsen

**Raad met jou rande**

Ons kyk vandag na kapitaalwinsbelasting (KWB) by dood.

Ek kry gereeld vrae hieroor van lesers. En ek kan verstaan dat dit 'n bekommernis is. Daar word gans te veel klem gelê deur sommige raadgewers op belasting by dood, pleks daarvan om omvattend aandag te gee aan die kerndoelwitte van boedelbeplanning: die skep van welvaart, die genietinge daarvan in lewe en die versorging van afhanklikes ná dood.

Om dit te doen moet jy alle finansiële risiko's hanteer. Belasting by dood is maar een. En nie altyd die belangrikste nie.

In *Die Burger* van verlede Saterdag lees ek 'n advertensie-artikel deur 'n prokureursfirma in die Suid-Kaap waarin aanbeveel word dat jy jou bates aan 'n langslewende gade bemaak ten einde "onnodige boedelkoste" (lees: belasting) vry te spring. En dan word genoem dat die R300 000 KWB-vrystelling in die jaar van dood ook "oorgedra" word na 'n langslewende gade.

Dis natuurlik snert.

KWB is niks anders nie as inkomstebelasting op kapitaal. Die R300 000 is 'n belastingvrystelling, dis nie 'n belastingkorting, soos byvoorbeeld die R3,5 miljoen-boedelbelastingkorting nie. Die KWB-vrystelling is 'n persoonlike inkomstebelasting-vrystelling wat in 'n besondere jaar geld. Die vrystelling is R40 000 per jaar, maar in die jaar wanneer jy sterf, is dit R300 000. Dit is nie kumulatief nie en dit is ook nie oordraagbaar nie.

Wat gebeur dus as jy al jou bates aan 'n langslewende gade bemaak om KWB vry te spring? Skedule 8 van die Inkomstebelastingwet (58 van 1962) maak voorsiening vir die "hernuwing" van 'n KWB-verpligting by dood waar bates onderhewig aan KWB aan 'n langslewende gade bemaak word.

Waarop dit neerkom, is dat die langslewende gade die basiskoste van die bate erf, ingesluit kwalifiserende uitgawes (sy of hy "erf" nie die R300 000-vrystelling ook nie).

Die vangplek, as dit die hoof-fokuspunt van jou beplanning was, is dat wanneer die langslewende gade later hierdie bate van die hand sit, of by dood, die KWB bereken word vanaf die basiskoste wat dit gehad het in die boedel van die eerssterwende.

Dit is 'n uitstel van KWB, dit is nie 'n "slim" plan om KWB te systap nie.

Die KWB-verpligting kan selfs baie hoër wees as die bate in waarde toegeneem het.

Ons sien die gevolg van die tipe belastingbeplanning veral waar 'n vaste bate aan byvoorbeeld 'n kind of 'n trust bemaak word, met vruggebruik aan die langslewende gade. Dit verlaag die KWB-verpligting vir die oorledene, weens die aftrekbaarheid van die waarde van die vruggebruik aan die langslewende gade.

Maar die laer waarde van die blote eiendom wat so geskep word, verhoog die belasbare kapitaalwins aansienlik wanneer die kind of die trust later die bate van die hand sit.

Daar is geen fout te vind met die bemaking van al jou bates aan 'n langslewende gade nie. En ja, alles wat bemaak word aan 'n langslewende gade is aftrekbaar vir boedelbelasting en word "hernu" vir KWB.

Maar om dit te doen bloot om sogenaamde boedelkoste te probeer vryspring, is nie net kortsigtig nie, dis soms bloot onnosel.

Dit kan ook duurder wees. En dit kan later 'n groter belastinglas skep, soos wat ek hierbo met betrekking tot KWB genoem het.

Boedelbeplanning gaan om meer as belasting. Dit gaan om meer as dood.

Dit gaan om lewe ook. En jy moet die somme maak. Die regte somme.

■ **Nico van Gijsen, 'n gesertifiseerde finansiële beplanner en belastingpraktisyn, is besturende direkteur van Finlac en 'n lid van Fisa. Lesers kan navrae aan hom stuur deur te skryf aan Raad met jou Rande, Posbus 8422, Johannesburg 2000 of nico@finlac.com; Twitter: @Nicovangijsen.**

This material has been copied under a Dalro licence and is not for resale or retransmission.